# Resensies / Reviews


- Ahwireng-Obeng, F. & Akussah, G. 2003. **The impact of HIV-AIDS on African economies.** Pretoria : Africa Institute of South Africa
  (*W.A. Naudé*) ........ 297
- Nel, Annes. 2003. **Op soek na God … buite die kerk?** Wellington : Lux Verbi.BM.
  (*Nico Vorster*) ........ 299
- Wassermann, Johan & Kearney, Brian, *eds*. 2002. **A Warrior's Gateway: Durban and the Anglo-Boer War 1899-1902.** Pretoria : Protea Book House.
  (*Jackie Grobler*) ........ 301
- Bergh, J.S. & Morton, F. 2003. **'To make them serve …' The 1871 Transvaal Commission on African labour.** Pretoria : Protea Book House.
  (*Johann W.N. Tempelhoff*) ........ 304
- Van Deventer, I. & Kruger, A.G., *eds*. 2003. **An educator's guide to school management skills.** Pretoria : Van Schaik.
  (*P.J. Mentz*) ........ 308

## Resensies / Reviews

# HIV-AIDS as an economic crisis

**AHWIRENG-OBENG, F. & AKUSSAH, G.** 2003. **The impact of HIV-AIDS on African economies.** Pretoria : Africa Institute of South Africa. 78 p. ISBN: 0-7983-0166.

**Reviewer:** *W.A. Naudé*
(Faculty of Economic & Management Sciences, PU for CHE)

Apart from a few vocal dissidents and a number of politicians in denial, HIV-AIDS is well recognized as one of the most significant development crises facing South and Southern Africa. The authors of the present book proceed from this fact and add that in some parts of the world, predominantly Africa, HIV-AIDS is rapidly becoming a security crisis too. In this light the authors then state that they have two objectives. They aim to

> investigate the impact of, and the responses of businesses to the AIDS epidemic. The second objective was to compare the responses of South African businesses with the responses of businesses in other countries to the AIDS epidemic (p. 61).

The authors used non-probability and convenience sampling to survey 90 businesses, 30 each from mining, agriculture and construction during 2001. Their questionnaire was designed in such a way as to capture qualitative information. As such their research does not in any way directly investigate the impact of HIV-AIDS on African economies, but rather investigates the responses of selected South African businesses to the crisis. The title of the book is thus somewhat misleading – even inaccurate.

From the survey they found, amongst others, that most companies in the survey have felt the impact of the HIV-AIDS "epidemic". However, they do not quantify the extent to which the impact of HIV-AIDS has been felt. Also, they find that most of the companies have responded to the HIV-AIDS "epidemic" through policies and social investment programmes that compare favourably with those of their counterparts in other countries, but that these programmes are slow to be implemented.

Whilst HIV-AIDS as crisis requires the focused attention of researchers, the present book suffers from a large number of fatal shortcomings.

Firstly, there has been world wide a relatively short period to observe the actual demographic and economic impact of the epidemic. Consequently, the knowledge of forecasters regarding this matter is still fairly limited.

Secondly, obtaining accurate information on such a sensitive issue has been shown to be problematic. As a result most organisations do not even know the HIV-prevalence rate of their employees (the main source of information on HIV-prevalence in South Africa is an annual survey of pregnant women attending public-sector antenatal clinics conducted by the Department of Health). Because of these shortcomings, estimates of the impact of HIV-AIDS on African (and specifically South Africa's) economies and on businesses tend to differ to a significant degree, and tend to cover broad intervals. For example, the HIV-AIDS-related costs to business have been estimated to have widely differing impacts in subject-related literature as ranging between 0.8% and 8.6% of the total wage costs. The cost of HIV-AIDS per employee has been estimated at between US$49 and US$300. Similarly, the impact of HIV-AIDS on economic growth has been estimated to have widely differing impacts – from lowering annual GDP growth by 0.3% to lowering it by 1.6%. A more recent (2003) econometric study by Ellis, Smit and Laubscher (published in volume 27 no 2 of the *Journal for Studies in Economics and Econometrics*) estimated the impact of HIV-AIDS on South African economic growth to be between -0.3% and -0.63%. The latter, perhaps one of the most useful surveys of the impact of HIV-AIDS on the South African economy to date, states "while not alarmist, this impact cannot be ignored" (p. 25). In the present case, not one of the 90 firms surveyed by the authors had knowledge of the HIV-prevalence rate of their employees.

Thirdly, the authors acknowledge that their sample size is small and that they cannot therefore generalise their findings. Given that they only surveyed 90 firms, suffering from a sample selection bias (because they used non-random sampling) from only three sectors of the economy, it is true that their results cannot be generalised to the South African economy (or business sector) or even to the "African economies" they address in the title of the book. Despite this fatal shortcoming, the authors still write in general terms, widely generalising for instance that "most large South African companies have felt the impact of the AIDS epidemic" (p. 61). A particular serious omission in this book is the insurance industry, where the impact of HIV-AIDS has been most intensively researched in South Africa (for these purposes the Actuarial Society of South Africa developed two models to analyse the impact of HIV-AIDS on businesses, namely ASSA 600 and ASSA 2000).

Fourthly, the book will perhaps disappoint those businesses seeking advice on how to structure and implement an appropriate HIV-AIDS policy/programme. The book is largely silent on what it considers to be effective anti-HIV-AIDS programmes, including those of businesses in other countries that they claim to have benchmarked South Africa against.

Finally, the overview of relevant subject-related literature on the economic impact of HIV-AIDS omits to mention the findings of a crucial number of studies on the economic impact of HIV-AIDS, such as the ING Barings Study (2000), the model of Arndt and Lewis (2000), the Dorrington (1999) model and others, such as the December 2000 edition of the *South African Journal of Economics* that was entirely devoted to the economic consequences of HIV-AIDS.

To conclude, the present book is unlikely to be counted among the serious scientific contributions to HIV-AIDS economic-impact literature. It does, however, argue that HIV-AIDS is a significant developmental problem (and not just a health problem) and that the message is that it can only be addressed through the “persistent engagement of the highest levels of government” (p. 1). The challenge posed by HIV-AIDS in South Africa is indeed severe, but perhaps not intractable, if their message gets through.

# Verloor die kerk veld?

**NEL, Annes.** 2003. **Op soek na God … buite die kerk?**
Wellington : Lux Verbi.BM. 192 p. Prys: R69.95. ISBN: 0-7963-0142-5.

**Resensent:** *Nico Vorster*
(Gereformeerde Kerk Bultfontein)

Hierdie boek bespeek op ’n maklik leesbare wyse die tendens van kerkverlating. Volgens die skrywer is die bedoeling van die boek nie om wetenskaplike gevolgtrekkings te maak nie, maar eerder om sy eie en ander persone met wie hy per e-pos gekorrespondeer het, se persoonlike ervarings oor die probleem van kerkverlating te verwoord. Op hierdie wyse hoop hy om ’n stem te wees vir diegene wat nie meer aan die kerk (wil) behoort nie. Die skrywer plaas in sy boek ’n paar sake op die tafel sonder om op volledigheid aanspraak te maak. Hy kyk ook na ’n paar aksente wat die Bybel en die kerklike tradisie deur die eeue op die kerk van die Here gelê het en vra die vraag of ons daaruit kan leer. In die boek word hoofsaaklik op probleme in die kerk gefokus sonder om noodwendig antwoorde daarop te probeer gee.

Nadat Nel in hoofstuk 1 die opset van sy boek verduidelik, gee hy in die tweede hoofstuk statistiese gegewens om sy stelling te bewys dat mense toenemend besig is om die kerk te verlaat. Ondanks die feit dat daar in die hedendaagse samelewing meer klem op spiritualiteit geplaas word, is die kerk volgens die skrywer besig om veld te verloor. Vanaf hoofstuk 3 noem hy 'n verskeidenheid probleme wat tot kerkverlating lei. Dit wissel vanaf sosiale tendense en omgewingsfaktore tot probleme met die leer en lewe van die kerk. Omgewingsfaktore wat 'n rol speel by kerkverlating is onder meer die groeiende geneigdheid tot individualisme wat daartoe lei dat mense die sinvolheid van lidmaatskap aan 'n kerklike instituut bevraagteken, globalisering wat mense bemagtig om teologies selfstandig te dink en wat terselftertyd maklik alternatiewe vir die kerk gee, en die bestaan van verskillende paradigmas in die kerk, soos die modernisme, postmodernisme en postkolonialisme wat tot onderlinge konflik aanleiding gee. Leerstellige probleme wat die skrywer aanraak, wentel rondom vrae soos die uniekheid van Christus, die plek van ander godsdienste, die gesag van die Skrif, die uitverkiesing, die wil van God en die kerk as 'n instelling van God. Praktiese probleme in die kerk wat die skrywer noem, is die feit dat die kerk volgens hom nie meer 'n helende gemeenskap is nie, gebrekkige leierskap in die kerk, onkundige berading, swak morele gedrag, groepsvorming, tradisionalisme en misbruik van die Skrif. Aan die einde van die boek doen die skrywer 'n beroep op sy lesers om by die kerk te bly omdat die kerk ondanks sy gebreke nog steeds die werk van God is.

Die tema van die boek is inderdaad baie aktueel. Die probleem met die boek is egter geleë in die wyse waarop die skrywer die boek aangepak het. Indien die skrywer nie beoog om wetenskaplike gevolgtrekkings te maak nie, waarom dan die boek? Die gevolg van die skrywer se doelbewuste subjektiewe aanpak tot die probleem is dat 'n baie komplekse probleem met verskeie fasette op 'n ietwat oppervlakkige en dikwels ongenuanseerde wyse bespreek word.

Die uitgangspunt van die boek, naamlik dat die kerk besig is om veld te verloor, behoort sterker en meer wetenskaplik gefundeer te word. Dit is nie duidelik of die skrywer net van Afrikaanse kerke praat, of van die kerk oor die algemeen nie. Die vraag is: Verloor alle kerke lidmate of net sekeres? Is kerkverlating in sekere gemeenskappe meer algemeen as in ander? Toon kerke in alle wêrelddele 'n afname in lidmaatgetalle? Antwoorde op bogenoemde vrae kan belangrike lig werp op redes waarom mense die kerk verlaat en moet in 'n boek soos hierdie verreken word. Dit is verder nie duidelik hoe verteenwoordigend die skrywer se respondente van die breë samelewing is en watter eksterne faktore daartoe bydra dat hulle 'n probleem met die kerk het nie. Klaarblyklik meen die skrywer dat die probleem van kerkverlating hoofsaaklik te wyte is aan die

kerk wat terminaal siek sou wees. Die skrywer raak omgewingsfaktore wat 'n invloed op kerkverlating het, bolangs aan en dring nie deur tot die komplekse invloed wat hierdie faktore op die kerk het nie. Die boek toon verder 'n gebrek aan diepgaande teologiese besinning oor vraagstukke wat hyself betrek, en wat logies uit die onderwerp behoort voort te vloei. Sy hantering van vraagstukke soos die gesag van die Skrif, die uitverkiesing, die uniekheid van Christus, die plek van ander godsdienste ensovoorts, skep verskeie vrae wat onbeantwoord gelaat word. Die boek ontbreek veral aan 'n diepgaande teologiese begronding van wat die kerk in wese is.

Die skrywer stel duidelik dat hy probleme probeer stel en nie noodwendig antwoorde probeer gee nie. Die vraag is egter: Watter bydrae maak so 'n benadering tot die debat? Die probleme wat gestel word, het meriete, maar dit is ooglopend en openbaar niks nuuts nie. Na al die openbare debatte in die pers is kerke sekerlik al lankal bewus van dié tipe vrae wat tans aan die kerk gestel word. Vir mense buite die kerk bied blote probleemstelling ook weinig troos. Dat die kerk haarself in 'n nuwe omgewing bevind wat nuwe vrae vra en nuwe eise stel, is gewis. Dat reformasie in die kerk noodsaaklik is, staan soos 'n paal bo water. Wat gelowiges in die kerk en buite die kerk nodig het, behoort egter konstruktiewe oplossingsgerigte denke te wees.

Bogenoemde kritiek beteken nie dat die boek waardeloos is vir die huidige debat nie. Die waarde van die boek is waarskynlik daarin geleë dat dit kerkmense bewusmaak van die nodigheid vir groter ruimte, sensitiwiteit en verdraagsaamheid in die kerk. Die vrae wat die skrywer stel, het meriete. Tog sou deegliker navorsing, groter genuanseerdheid en meer diepgaande teologiese besinning die bydrae van die boek veel groter gemaak het.

# Die impak van die Anglo-Boereoorlog op Durban

**WASSERMANN, Johan & KEARNEY, Brian, *eds*.** 2002.
**A Warrior's Gateway: Durban and the Anglo-Boer War 1899-1902.**
Pretoria : Protea Book House. 416 p. Prys: R180.00. ISBN: 1-919825-85-1.

**Resensent:** *Jackie Grobler*
(Dept. Historiese & Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria)

Alle boekliefhebbers asook belangstellendes in die Anglo-Boereoorlog is bewus van die feit dat die 100-jarige herdenking van dié oorlog tot die

publikasie van dosyne boeke oor daardie konfrontasie aanleiding gegee het. Nie dat die oorlog voor die aanvang van die herdenking ’n vergete insident was nie. Inteendeel, sedert die eerste boeke oor die oorlog reeds binne die eerste jaar na die uitbreek daarvan hulle verskyning gemaak het, was die oorlog deurentyd ’n onderwerp wat genoegsame belangstelling uitgelok het om op gereelde basis publikasies daaroor lewensvatbaar te maak. Die ontploffing in die getal publikasies oor die afgelope drie jaar was egter vir talle belangstellendes, waaronder hierdie resensent, ’n groot en aangename verrassing.

Die uitgewer wat in die afgelope drie jaar ongetwyfeld die grootste aantal Anglo-Boereoorlog-publikasies die lig laat sien het, is Protea Boekhuis van Pretoria. Die Anglo-Boereoorlog was ’n grootse gebeurtenis met verskeie fasette wat die aandag van ’n verskeidenheid skrywers getrek het. Dit sluit onder meer streeksgeskiedenisse in, waaronder hierdie omvattende publikasie oor Durban tydens die oorlog. Die samestellers van die boek, Johan Wassermann en Brian Kearney, dui in die inleiding tereg aan dat daar maar weinig studies oor die situasie in spesifieke stede/dorpe tydens die oorlog verskyn het – met ander woorde dat stedelike geskiedenisse oor die Anglo-Boereoorlog maar skaars is. Oor Durban tydens die oorlog is daar voorheen niks substansieel geskryf nie.

Wassermann en Kearney is deels geïnspireer deur ’n begeerte om hierdie leemte te vul toe hulle besluit het om ’n boek daar te stel oor die impak van die oorlog op Durban en sy onmiddelike omgewing. Die eindproduk bestaan dan ook uit ’n omvattende en omvangryke ontleding van al die belangrikste invloede van die oorlog op die destydse dorp Durban.

Die titel *Warrior’s Gateway* sinspeel daarop dat Durban weinig meer as ’n blote toegangspoort vanaf die Indiese Oseaan na die oorlogsfront was. Dit is dan ook die belangrikste, hoewel geïmpliseerde hipotese in die boek, dat Durban se hoofrol in die oorlog was om as deurgangshawe te dien en dat sy benutting as toegangspoort ’n bepalende invloed op veral die korttermyn-ontwikkeling van Durban gehad het.

Wat die skrywers betref: Wassermann is ’n dosent in Historiese Pedagogiek by die Universiteit van Natal en Kearney is ’n afgetrede hoogleraar in Argitektuur by dieselfde instelling. Albei het ’n groot belangstelling in spesifiek die geskiedenis van Natal. Benewens hulle rol as samestellers van die boek, het hulle self heelwat van die hoofstukke geskryf of help skryf. Die ander agt skrywers is insgelyks historici of amateur-historici. Hulle is op een na almal in KwaZulu-Natal woonagtig en beskik oor ’n bewese belangstelling in die geskiedenis van daardie provinsie. Dit is duidelik dat al die skrywers deeglik toegerus is om oor

die onderwerp te skryf en oor die vemoë beskik om hulle historiese kennis op papier te artikuleer. Die skrywers het hulle daarop toegelê om bydraes te lewer wat op stewige navorsing berus. Hulle het op groot skaal gebruik gemaak van ongepubliseerde argivale bronne wat uit altesaam 22 argiefbewaarplekke en museums en agt privaatversamelings byeengebring is, asook ’n groot verskeidenheid gepubliseerde argivalia, sekondêre bronne, tydskrifte, koerante, akademiese studies asook mondelinge getuienis. Hierdie bronne word in voetnootverwysings erken. As leser kry ’n mens gevolglik die indruk dat jy met historiese navorsing van stewige wetenskaplike gehalte te doen het.

Die inhoud van *A Warrior’s Gateway* word in 25 hoofstukke aangebied. Alle moontlike aspekte van die betrokkenheid van Durban by die oorlog of omstandighede en gebeure in Durban tydens die oorlog word betrek. As voorbeelde kan dien die hoofstukke oor die politieke toneel in Durban in daardie tyd; Durban as deurgangshawe vir Britse troepe, en vir krygstuig en perde vir die Britse leër; Durban as hospitaalsentrum en as hawe vir die wegvoer van Britse gewondes; Durban as deurgangsroete vir Boere-krygsgevangenes asook as sentrum vir die aanhouding van krygsgevangenes; die destydse hawe-, spoorlyn- en vervoer-infrastruktuur in Durban en omgewing; die burgerlike slagoffers van die oorlog in Durban, waaronder die Boerevroue en -kinders in konsentrasiekampe in daardie hawestad/-dorp; spioenasie-aktiwiteite in Durban tydens die oorlog; die invloed van die oorlog op die swart inwoners van Durban en die ekonomiese impak van die oorlog.

*A Warrior’s Gateway* is ’n lywige boek van meer as 400 bladsye met twee kolomme teks op talle van daardie bladsye. Die publikasie bevat heelwat sterk punte. Die inleiding plaas onmiddellik die werk in sy geheel in konteks. Die inhoudsopgawe is omvattend sonder om omslagtig te wees. Die boek is ryklik geïllustreer met ’n magdom foto’s, waarvan die oorgrote meerderheid tydgenootlike foto’s van relatief goeie gehalte is. Daarbenewens is daar talle afdrukke van tydgenootlike sketse en strooibiljette, afdrukke van bladsye of gedeeltes van bladsye uit destydse koerante, asook enkele tydgenootlike sowel as moderne kaarte. ’n Ander nuttige hulpmiddel wat die leser in staat stel om gebeure in ’n breë konteks te plaas is die gedetailleerde tydlyn wat die datums van die belangrikste gebeure in die oorlog as geheel, en dan gebeure wat in Durban afgespeel het, in kronologiese orde langs mekaar aandui. Die bronverwysings en bronnelys stel die leser wat meer te wete wil kom, op hoogte met waar hy/sy kan begin navors. Die uitgebreide indeks ontsluit detail in die teks op lofwaardige wyse. Goeie indekse is onmisbaar, en hierdie publikasie was beslis een werd. Benewens bogenoemde bevat die publikasie telkens bondige beskrywings van terloopse interessanthede wat met die oorlog in verband staan, soos hoe die mummie

van die Egiptiese priester Peten-Amun, wat 2 300 jaar gelede oorlede is, in Durban beland het.

Swakhede is daar ongelukkig ook. Soos ’n mens maar altyd te wagte kan wees in ’n gesamentlike werk, is al die hoofstukke nie ewe leesbaar nie. Afhangende van ’n mens se spesifieke belangstelling sal sommige van die hoofstukke moontlik bra vervelig wees. Dit geld byvoorbeeld die hoofstukke oor mediese dienste (vir lesers wat nie aan mediese kwessies ’n vat kan kry nie) of die hoofstuk oor die ekonomies impak van die oorlog op Durban (vir lesers wat nie in ekonomiese aangeleenthede geïnteresseerd is nie). Hierdie opmerkings beteken nie dat daardie hoofstukke minderwaardig van gehalte is nie – dit beklemtoon bloot die groot trefwydte van die publikasie.

Om saam te vat: *A Warrior’s Gateway* is ’n prysenswaardige publikasie oor ’n aspek van die Anglo-Boereoorlog waaroor daar geen ander omvattende bronne bestaan nie. Dit is insgelyks ’n puik toevoeging tot die ietwat karige skat van gehaltewerke oor plaaslike geskiedenis in die Suid-Afrikaanse historiografie. Die skrywers en die uitgewers verdien alle belangstellendes in die Suid-Afrikaanse verlede se lof vir hierdie netjiese boek.

# Richly textured perspectives on the ZAR

**BERGH, J.S. & MORTON, F.** 2003. **‘To make them serve …’ The 1871 Transvaal Commission on African labour.**
Pretoria : Protea Book House. 207 p. Price: R159.95. ISBN: 1-919825-40-1.

**Reviewer:** *Johann W.N. Tempelhoff*
(School of Basic Sciences, Vaal Triangle Campus,
PU for CHE)

The history of the *Zuid-Afrikaansche Republiek* (Transvaal) in the nineteenth century has been a closed book for many readers of discourses on the South African past. This situation is largely a result of the fact that, with the exception of the British annexation-period (1877-1881), all the documentation was recorded in Dutch (and/or) variants of the evolving language, Afrikaans.

This fact has hindered advanced international research scholarship on the republican period for the greater part of the twentieth century. As a rule, the history of the British colonies of Natal and the Cape has been

studied more extensively and in greater depth than that of the Transvaal Republic, or the Orange Free State for that matter.

It is therefore heartening to take note of the publication of some of the valuable source material dealing with the history of the Transvaal Republic. Moreover, when light is shed on the history of black South Africans, there is even more reason to be delighted.

The editors, Prof. Johan Bergh of the University of Pretoria and Prof. Fred Morton of Loras College in the United States of America are both established scholars on nineteenth-century history. They also have extensive knowledge of the history of black South Africans in the formative era that laid the groundwork for the country's more controversial twentieth century in which race policy gave rise to the ideology of apartheid.

This work may be seen as a preamble to some of the deeper seated outlines of what would ultimately lead to a state of legislated discrimination after the republican and colonial periods. Its specific focus is a controversial aspect of the Republic's economic history – the Transvaal commission on African labour of 1871.

The documentation offered in the publication provides the reader with a comprehensive view on living conditions and human relations in a frontier republic, from the perspective of the blacks, civil servants, business people, soldiers and missionaries. This mosaic of richly textured impressions of the ZAR has only in more recent times come to the attention of some researchers. Except for a few experts in the field, the commission's report remained an unobtrusive piece of historical evidence. Thanks to fine detective work, and thorough research by Bergh and Morton, we now have more information at our disposal.

Readers who are not familiar with the history of the Transvaal, shortly after the discovery of the first minerals of wealth (diamonds) in British Griqualand West, are in for some startling textual discourses. The views of the witnesses offer an insight into the mind of Transvaal residents, black and white, at the onset of the South African mining industrial revolution.

In 1871 the Volksraad grappled with the problem of labour shortages experienced by farmers – the most important industrial sector at the time. There are indications that the black residents of the Republic had started drifting to the mines in British Griqualand West. They were rewarded with an assured income, but also enjoyed the opportunity of buying firearms. The consequence was that African males were no longer inclined to offer

their services to white farmers who at times did not pay them and even refused them permission to work small patches of land.

In an effort to address the problem the government appointed the commission under the auspices of the Volksraad. Ultimately the public arena of the republican legislative assembly was a contemporary attempt at transparency and the transmission of perspectives on the political treatment of some socio-economic and political problems experienced within the structures of the republican state. The discussion on the report in the Volksraad (p. 153-169) is perhaps far more interesting to interpret than the report of the commission (p. 143-152). Yet in the latter is contained, as the editors point out, a number of valuable recommendations that the government either chose to ignore, or partially introduced later (p. 13-14).

From the text it is possible to get an impression of the problems that civil servants encountered when it came to the enforcement of the laws pertaining to the African communities in the state. The evidence suggests that the existing system of administration was not effective. The fact that the indigenous peoples in the republic resorted under the direct authority of the Commandant General, a military official, and not under the local landdrost and fieldcornet, led to multifarious crossed lines of communication. This state of affairs presented more than ample room for cultural misunderstanding.

Frequently African witnesses tell the commission they do not mind working with the whites, but they would also like to own land to conduct their own farming operations. They also wanted to rid themselves of the financial burden brought about by the system of taxation introduced by the state. Looking back in time, their demands were justified. They hardly enjoyed any benefits from the existing system of republican governance.

The missionaries testifying before the commission tell the story of the process of "civilising" the indigenous people of Africa within the framework of the Christian tradition. In itself many of the passages containing evidence given by missionaries, e.g. Alexander Merensky, Henri Louis Gonin, Christof Penzhorn and others, give impressions of how European theologians perceived the plight of the African people and how they tried to contend with the problems that took root under circumstances of cross-cultural interaction.

*'To make them serve ...'* offers valuable interpretative opportunities for the comprehension of race relations on the nineteenth-century Transvaal frontier. The evidence of J.R. Lys of Pretoria, or the trader G.C. Fernandez of the Zoutpansberg district (p. 102-103), offer perceptions of

living conditions and the varied nature of government policies and their effects on (early) urban and rural communities in the Transvaal.

The editors have gone to great pains to provide readers with additional information. Brief biographical notes form part of the annotations in the text. What is more, the orthographically correct names of African leaders and their communities are provided throughout the text. The editors also make a point of commenting on the matter (p. 21). For many years scholars have grappled with the problem. This frequently led to a quagmire of misinterpretations and false assumptions by uninformed historians. It partly accounts for the reasons why only limited historical research has been conducted on the broader history of Africans in the Transvaal since the groundbreaking work of T.S. van Rooyen, W.A. Stals, K. Smith and P. Delius.

Pencil sketches of witnesses before the commission appear in many places in the text. The reader is then able to establish a connection between appearance and personality. It provides a welcome visual opportunity for the reader who is for the greater part involved in a text that could become, in some places dull and of ephemeral importance, as a result of the inherent nature of formal evidence before a government commission of investigation.

The editors deserve praise for their initiative. The translator, J.H. Picard, was sensitive to the inherent historical content of the text. He clearly had set himself the objective of making available a text that contains elements of the typical Transvaal Dutch manner of explanatory discourse. The English text gives an impression of how staggered discourses were used (more than often without the desired effect) to convey verbal images of existential problems in a multi-cultural society. For students of translation studies the text highlights numerous interesting problems and dimensions of transmitting meaning in different languages. Much of the African evidence presented to the commission was translated into the Dutch language of that time. The latest translator had to ensure that similar meanings were part of the signification process now reflected in the English language. The reader can thus become aware of how much meaning intrinsic meanings might have been lost in the nineteenth century – a time when it was of such vital importance for Africans to present their opinions and feelings to the outsiders who had invaded their cultural spaces, not only physically but also intellectually. In itself the evidence of for example one David, also known as Jonas (p. 104-105) and Maubane Moepi (p. 106) create substantial opportunities for creative interpretation.

If there were one drawback in the work, it would be the fact that only the translated text is available. Had both the Dutch and English texts been presented side by side, the source publication would have opened up more interdisciplinary research opportunities.

On the whole the publication is, however, of great value for scholars on the history of nineteenth-century South Africa. It offers an opportunity to explore the realms of a fascinating period in the history of the country and does indeed stand out as one of the most comprehensive investigations (up to that point in time) to be conducted in the Transvaal (p. 13).

# Die onderwyser: bestuurder én leier

**VAN DEVENTER, I. & KRUGER, A.G., *eds*.** 2003.
**An educator's guide to school management skills.**
Pretoria : Van Schaik. 296 p. Prys: R199.95. ISBN: 0627 02530 7.

**Resensent:** *P.J. Mentz*
(Skool vir Opvoedkunde en Opleiding, PU vir CHO)

In 'n tyd waarin die fokus internasionaal en plaaslik verskuif het van bestuur (*management*) na leierskap in die onderwys, val die titel van dié boek vreemd op. Die meganistiese benadering tot bestuursvaardighede en -take het internasionaal plek gemaak vir 'n ontleding van die verskillende dimensies van leierskap wat nodig is om effektief leiding te gee aan 'n komplekse organisasie soos die skool.

Die outeurs neem egter bogenoemde aspek in hierdie werk in ag wanneer hulle op voetspoor van Bennis op pp.141-142 erken dat leiers innovering, ontwikkeling, langtermyndoelwitte en 'n uitdaging van die *status quo* voorstaan. Bestuurders wil eerder handhaaf as vernuwe en het korttermyndoelwitte. Veral in die lig hiervan moet die vraag gevra word na die wenslikheid van die insluiting van 'n hoofstuk (9), waarin weer teruggeval word op die verouderde konsepte van organisering, delegering, koördinering en beheeruitoefening as "bestuurs"-take. In hoofstuk 6 (p. 68) word 'n beredeneringslyn gevolg waarin dit gestel word dat die skoolhoof bestuurder én leier moet wees. Op p. 71 word leierskap en bestuur egter twee kante van dieselfde munt genoem. So 'n benadering is dualisties van aard en veronderstel dat die hoof sy/haar leierseienskappe en -vaardighede soms verruil vir bestuursvaardighede en andersom.

Die insluiting van hoofstukke waarin uitnemendheid in skole, kommunikasievaardighede, die skep van harmoniese verhoudinge en gelyke geleenthede bespreek word, is ’n pluspunt. Hierdie sake is aktueel en relevant vir die Suid-Afrikaanse onderwyssituasie van 2003. Die aktiwiteite wat telkens aan die einde van ’n gedeelte geplaas word, dwing die leser om die teorie in praktyk om te skakel.

Die skool word deurentyd in hierdie werk as ’n organisasie met unieke kenmerke behandel. Hierdie aspek is in ooreenstemming met moderne denke oor die skool en die kompleksiteit van die skool as ’n organisasie wat nie primêr binne die bedryfsarea val nie, word verreken. Erkenning word egter gegee aan die feit dat die skool ook ’n fondsgenererings-funksie het, wat sekere tegnieke en finansiële leierskap veronderstel wat in ooreenstemming is met bedryfsvereistes. Die hoofstuk (14) wat handel oor die daarstelling van ’n effektiewe personeelkorps by die skool is ’n goeie integrering van teorie met die praktyk. Die leser word stapsgewys deur die fases in personeelontwikkeling geneem, vanaf rekrutering tot die indiensopleiding van die nuutaangestelde personeellid. Hoofstuk 17 vul ook ’n leemte wat in baie handboeke oor onderwysleierskap bestaan, naamlik die rol van die skoolhoof en -bestuur met betrekking tot onderrigleierskap. Nuwe onderrigbeleid en -metodes veronderstel dat hoofde ook oor die nodige vaardighede moet beskik om aan onderwysers in vakverband leiding te gee, sonder om die vakgrense, waar die onderwyser die kundige is, oor te steek. Die hoofstuk wat handel oor gelykheid hanteer ’n komplekse saak. Die skrywer neem die leser deur die implikasies van die Grondwet en verskeie onderwyswette en fokus dan op die noodsaaklikheid van ’n skoolomgewing vry van diskriminasie. Die diagram op p. 278 is veral nuttig vir onderwysleiers deurdat griewe-prosedures op ’n maklik verstaanbare wyse uiteengesit word vir die leek op die regsterrein. Die noodsaak vir gelykheid en billikheid word wetenskaplik en beredeneerd aangebied, sonder om te verval in bekende polities gekleurde retoriek.

Die aanvanklike punte hierbo uitgesonder, is hierdie boek bruikbaar in ’n Suid-Afrikaanse tersiêre konteks. Die boek is lesersvriendelik en dek ’n wye area. As ’n naslaanwerk is dit ’n nuttige hulpmiddel vir sowel die nagraadse student as die onderwyspraktisyn.